

6 Mei 2022

Algemene Oueromsendbrief No.13 van 2022

Geagte Ouers en Voogde.

1 Akademies

- **Wiskunde graad 8 en graad 9**



Soos voorheen vermeld, identifiseer ons in graad 8 en graad 9 'n leemte in leerders se Wiskunde-/rekenvaardighede. Daar is bewese tekorte in die leerders se getallebegrip en die gepaardgaande basiese bewerkinge.

Om aan elkeen 'n kans te gee om aan die einde van graad 9 'n sinvolle vakkeuse te kan maak, het ons dit goed gedink om 'n strategie te formuleer om hierdie agterstande te probeer elimineer.

In elke graad 8- en graad 9-klas gaan ons 'n onderwyserassistent in die Wiskundeklasse aanstel om op 'n persoonlike vlak bemoeienis met elke kandidaat te maak. Ons halveer dus die leerder-onderwyser-verhouding van 22:1 na 11:1. Dit gee elke leerder 'n substantief beter geleentheid tot persoonlike aandag en begeleiding. In praktyk is dit veel meer as 'n verdubbeling aangesien meer as 65% van die klas in die gewone onderrig-leersituasie voldoende begeleiding ontvang. Ons moet egter ook fokus op dié wat nie aan gestelde standarde voldoen nie.


Presteerders gaan ook as mentors aangestel word en "sukkel-maats" met die Wiskunde help. Sillabusse gaan ook hersien word en herkurrikulering gaan verseker dat essensiële vakinhoud in diepte behandel word alvorens na volgende temas aanbeweeg word.

Sekere leerders kan dan ook na basiese Wiskundeprogramme buite skoolverband aanbeveel word, om verdere inoefening en vaardighede te ontwikkel. Daar word voorsien dat hierdie praktyk vir die langer termyn 'n werklikheid kan word totdat die impak van COVID en die gepaargaande leeruitdagings iets van die verlede is.

Ons beoog 'n merkbare verbetering in leerders se Wiskundeprestasie sodat meer leerders aan die einde van graad 9 Wiskunde as vak kan kies.

Bo en behalwe hierdie strategie gaan ons voort met Wiskunde ekstraklasse by die skool vir al die grade, teen geen koste. Onthou net dat hierdie groepklasse is en nie noodwendig die individuele aandag verleen wat dikwels nodig is nie.


- **Woordeskat en terminologie**



Verder is dit duidelik dat leerders se leesvaardighede en woordeskat ontoereikend is. Ter aanvulling van ons leeslaboratorium gaan daar in elke vak 'n woordelys met vakterminologie met verklarende aantekeninge voorberei word. Hierdie lys word deel van elke leerder se werkboek en deurlopende kort toetsies moet hieroor geskryf word.

Tipiese eksamenvrae en hulle betekenis moet ook geleer word, bv. die betekenis van: “*verduidelik die konsep*”, “*vereenvoudig die volgende uitdrukking*”. 'n Mens sou dink dat dit voor die hand liggend is, maar sommige leerders verstaan nie die instruksie en sy implikasie nie.

Dit sal ook baie help as leerders tuis die koerant of 'n tydskrifartikel moet lees en dan die inhoud daarvan moet oorvertel aan die res van die gesin.



- **Skryfvaardighede**

Aan die einde van Graad 12 skryf leerders 'n eksterne eksamen met die hand. Tikwerk word nie aanvaar nie. Dit is belangrik dat leerders sal leer om leesbaar en duidelik te skryf sodat hulle vraestelle korrek nagesien kan word. Dit is bloot menslik dat wanneer die nasiener by vraestelnommer vierhonderd kom, hy/sy nie meer gaan sukkel om te probeer ontsyfer wat die leerder geskryf het nie. Leesbare en duidelike skrif is krities belangrik.

Leerders moet ook in die verband oefen om vir 'n periode van ten minste twee ure aaneen te kan skryf. Help ons om die belangrikheid daarvan aan leerders te verduidelik.

2 Dak oor die vierkant

Hierdie konstruksie begin vorm aanneem en ons sal eersdaags die fasiliteit in gebruik kan neem.



3 COVID

Daar is tans enkele gevalle wat positief in ons skool getoets het. Dié situasie word daaglik gemonitor.

| Hoërskool Randburg: COVID-19-statistiek (2022) | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|--|---|----------|----------|----------|----------|-----|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----|--|--|
| Dag | | Ma | Di | Wo | Do | Vry | Ma | Di | Wo | Do | Vry | Ma | Di | Do | Vry | Di | WO | Do | Vr | | |
| Maand | | APRIL | | | | | April | | | | | APRIL | | | | | Mei | | | | |
| Datum | | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 25 | 26 | 28 | 29 | 2 | 3 | 4 | 5 | | |
| Personeel | Aantal COVID-19-positiewe gevalle vanaf 10 Januarie 2022 | 14 | 14 | 14 | 14 | | 14 | 14 | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 | 15 | 16 | 16 | 16 | | | |
| | Herstel van COVID-19 | 14 | 14 | 14 | 14 | | 14 | 14 | 14 | 14 | 14 | 14 | 14 | 14 | 14 | 14 | 15 | 15 | | | |
| | Netto COVID-19-aktief | 0 | 0 | 0 | 0 | | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | | | |
| | Self-isolasie: simptome en by die huis | 0 | 0 | 0 | 0 | | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | | | |
| | Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af) | 0 | 0 | 0 | 0 | | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | | | |
| Leerders | Aantal COVID-19-positiewe gevalle vanaf 12 Januarie 2022 | 165 | 165 | 165 | 165 | | 165 | 165 | 165 | 166 | 166 | 165 | 166 | 167 | 167 | 168 | 168 | 168 | | | |
| | Herstel van COVID-19 | 165 | 165 | 165 | 165 | | 165 | 165 | 165 | 165 | 165 | 165 | 165 | 165 | 165 | 165 | 166 | 166 | | | |
| | Netto COVID-19-aktief (met simptome) | 0 | 0 | 0 | 0 | | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 | 2 | 2 | 3 | 2 | 2 | | | |
| | Self-isolasie: simptome en by die huis | 0 | 2 | 3 | 3 | | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | | | |
| | Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom) | 0 | 0 | 0 | 0 | | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | | | |
| TOAAL | Aantal COVID-19-positiewe gevalle vanaf 10 (12) Januarie 2022 | 179 | 179 | 179 | 179 | | 179 | 179 | 180 | 181 | 181 | 180 | 180 | 182 | 182 | 184 | 184 | 184 | | | |
| | Herstel van COVID-19 | 179 | 179 | 179 | 179 | | 179 | 179 | 179 | 179 | 179 | 179 | 179 | 179 | 179 | 179 | 181 | 181 | | | |
| | Netto COVID-19-aktief (met simptome) | 0 | 0 | 0 | 0 | | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 3 | 5 | 3 | 3 | | | |
| | Self-isolasie: simptome en by die huis | 0 | 2 | 3 | 3 | | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | | | |
| | Komorbiditeit afwesig | 0 | 0 | 0 | 0 | | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | | | |

4 Personeel

Aan die einde van April het ons mev. Charlotte Coetzee gegroet, wat na die Kaap verhuis. Ons beste wense vergesel haar in hierdie nuwe fase van haar lewe. Ons kon die dienste van mnr. Neal Stevenson wat dan op 1 Mei 2022 by ons aangesluit het, bekom.

Verder vertrek mev. Carla-Mé Labuschagné ook Kaap toe. Eweneens wens ons haar en haar man net die beste met hulle skuif Kaap toe. Mev. Dédé Oosthuizen wat tans by ons in 'n aflospos is, sal dan mev. Labuschagné se klasse oorneem sodra mej. Coetzee van kraamverlof terug kom. Mev. Cehané Lubbe sal vir die interim mev. Labuschagné se klasse hanteer.

Intussen het mnr. Jaap Lagendyk (Tegnologie graad 8) ook sy bedanking ingedien om 'n betrekking in die privaatsektor op te neem. Ons het die pos geadverteer en wag aansoek in.

Verder is ons op soek na 'n senior Afrikaanse onderwyser na die bedanking van mev. Christine van den Heever. Hierdie pos is ook geadverteer.

Mej. Nadine Pretorius van die Magneetskool vir Musiek verhuis ook Kaap toe. Ons is gelukkig om die dienste van mnr. André Breet by die Magneetskool te kon bekom. Mnr. Breet is tans besig met sy Doktorsale studie en is hoogs bekwaam en toegerus om 'n besondere bydrae tot die Magneetskool vir Musiek te lewer.

Intussen het mej. Laura Boeke van die magneetskool verloof geraak. Baie geluk aan haar en Zane de Waal met die verlowing.

Mev Marx van die boekwinkel het ouma geword. Baie geluk.

5 Noodhulp by Sport

By twee geleenthede moes van ons rugbyspelers as voorsorg per ambulans na die naaste hospitaal vervoer word.

Die Goue Leeus Rugby Unie vereis dat daar gekwalifiseerde noodhulp langs elke rugbyveld moet wees voordat die wedstryd mag begin. 'n Ambulans word nie vereis nie.

Noodhulp gebruik dieselfde ambulansdienste as die privaat individu, wat beteken dat 'n ambulans versend word sodra een beskikbaar word. Indien nodig word die versoek om afvoer dadelik deur die noodhulpdienste gerig.

Ons kan maar net versoek dat ouers nie met die afrigter sal raas as die ambulans lank neem om op te daag nie. Soos by enige ongelukstoneel moet ons vir die eerste beskikbare ambulans wag.

Soms is ons gelukkig met 'n ambulans wat op bystand by die skool staan, maar die voertuig vertrek dadelik in geval 'n motorongeluk of ander insident waarheen hul gestuur word.

Almal se begrip word waardeer.

Ons wintersportspanne speel Saterdag in die finaal van die NWU-reeks te Dr Malan in Meyerton.

Spanne wat uitspeel vir die eerste plek in die reeks is:

Eerste seuns hokkiespan

Hokkiedogters 0/15-span


Rugby: 0/14-, 0/15- en 0/16-spanne

Netbal: 0/17-, 0/15-, 0/14-spanne in kwalifiserende rondtes vir plekke 1-4 uit.

Ons hou duim vas dat ons spanne goed sal presteer. Ons verwag baie sterk oposisie in hierdie wedstryde.

Baie sterkte aan almal met die baie bedrywige program. Skool het voorwaar sy normale ritme van aktiwiteite ten volle hervat en daar heers 'n opgewondenheid oor al die aktiwiteite waarmee die leerders besig is.

Vriendelike groete.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Booyesen'. The signature is written in a cursive style with a large initial 'B' and a long horizontal stroke at the end.

P. Booyesen: Hoof.